# 12. SAALOPENING: Waarvoor staan JY?

## <u>Voete</u>: Illustrasie

Neem ‘n paar verskillende soorte skoene saam en vra vrywilligers om dit aan te trek en daarmee oor die verhoog te stap. Bv. pantoffels, sandale, boots, tekkies, gumboots, aandskoene ens.

## <u>Inleiding:</u>

Ons gaan vanoggend so bietjie oor voete praat. Hier is so paar Afrikaanse spreekwoorde oor voete, kom ons kyk of julle weet wat hulle beteken:

- Nie ‘n voet buite die deur sit nie – Nie buite gaan nie;
- Op gelyke voet – Eenders;
- Op goeie voet wees met iemand – Goeie verhouding met iemand hê;
- Iemand iets voor die voete gooi – Iemand verwyt;
- Een voet in die graf hê – Iemand wat baie oud is of dodelik siek is;
- Op groot voet lewe – Deftig lewe;
- Voetjie vir voetjie loop – Stadig of versigtig loop;
- Op staande voet – Dadelik;
- Voet by stuk hou – Nie van plan verander nie; nie afdwaal nie;
- Oor jou eie voete val – Baie lomp wees;
- Witvoetjie soek – Probeer om in iemand se guns te kom;
- Voet in die wind slaan – Weghardloop

## <u>Daniël en sy drie vriende</u>

‘n Persoon se voete vertel ons twee baie belangrike dinge van hom/haar: Waar hulle staan, en waarheen hulle oppad is . Iemand wat vas staan vir dit waarin hulle glo is ‘n eienskap wat mense bewonder.

Daniël en sy drie vriende is ‘n baie goeie voorbeeld van mense in die Bybel wat vas gestaan het vir dit waarin hulle glo.

Daniël se drie vriende is in ‘n vuuroond gegooi omdat hulle eerder vir God wou aanbid as die koning se standbeeld. Hulle het vas gestaan vir dit waarin hulle geglo het, want hulle was oppad saam met God. Hulle het vir die koning gesê dat hulle NIE voor sy beeld sou buig nie, en dat hulle glo dat God hulle sal red, en as Hy dit NIE doen nie, dan is dit ook reg met hulle.

***Wat het gebeur***? God het ‘n engel gestuur om hulle in die vuuroond te beskerm, hulle klere het nie eers na rook geruik toe hulle uitgekom het nie!!

Daniël self was eerder bereid om in die leeukuil gegooi te word as om nie tot God te bid nie. Om ‘n pad saam met God te stap was vir hom belangrike as sy eie lewe.

***Wat het gebeur***? God het die leeus se bekke toegebind sodat hulle hom nie kon seermaak en verskeur terwyl hy daar binne was nie!

## Toepassing:

Hierdie vier mans het as kinders van God, in moeilike situasie eerder gekies om die pad saam met God te stap, en opgestaan vir dit waarin hulle geglo het, as om te doen wat mense en die koning van hulle verwag het.

God hulle die krag gegee om in elke situasie die regte ding te doen, en hulle daarom gered. Daniël se drie vriende uit die vuuroond, en vir Daniël uit die leeus se bekke.

Psalm 119:101 pas so mooi by hierdie twee gedeelte van Daniël en sy vriende: “Ek het my voete teruggehou van elke verkeerde pad, dat ek U woord kan bewaar.”

## Ten slotte:

Hoe lyk die pad wat JY stap? WAARHEEN stap jy? Saam met Wie stap jy? Staan jy op vir God in moeilike stiuasies wanneer ander kinders verkeerde goed doen of sê, of gaan jy maar saam met die stroom? Wanneer dit maklik is, kies jy vir God, en wanneer dinge moeilik gaan kies jy die wêreld?

Daar is so mooi Engelse gesegde: If you don’t stand for something, you will fall for anything!

**SLUIT AF MET GEBED**